sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

Lees die artikel sorgvuldig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

### Vierde BEEN vir "driepoot"-kameelperdjie gesoek



1 'n Twee jaar oue kameelperdjie met net drie bene sal hopelik een van die dae 'n splinternuwe prostetiese (*prosthetic*) been of kunsbeen hê.

2 Munnik Marais, die hoof van die kankervereniging vir diere in Suider-Afrika (Southern Africa Animal Cancer Association (SAACA)), het verlede week 'n projek begin om geld vir dié vierde been in te samel.

3 Die doel van die SAACA is om mense van die baie kankergevalle onder diere te vertel en om mense aan te moedig om kankerbehandeling vir hulle diere te kry.

4 Lizz Meiring is SAACA se beskermvrou en het by 'n vergadering vir Marais van Driepoot vertel. Hy was dadelik bekommerd oor die kameelperdjie en het besluit dat sy vereniging sal help.

5 Driepoot het in grendeltyd in 'n strik (*snare*) getrap en so haar been verloor. Die kameelperdjie se ma het nie seergekry nie. Twee weke later het Driepoot 'n ousus geword toe haar nuwe kameelperdsussie gebore is.

6 "Wanneer dit by diere kom, moet ek net help."

7 Volgens Marais sukkel Driepoot om die eenvoudigste dag-tot-dag-oorlewingsaktiwiteite te doen. Sy bly saam met haar ma en sussie in die Tholo-ekoreservaat.

8 Die werkers by Tholo hang vir haar kos in bome omdat sy nie op 'n normale manier kan eet nie. Sy kan nie reg loop nie en sy kan nie afbuk om water te drink nie.

IEB Copyright © 2023

9 Vir my gaan dit oor diere en hulle algehele gesondheid. Hierdie kwessie raak my hart. As ons nie iets daaraan kan doen nie, gaan sy op die ou einde vrek omdat sy niks op 'n gewone manier kan doen nie.

10 "Ek het mense begin bel en by 'n baie oulike man uitgekom wat kan help met die prostese."

11 Na 'n gesprek of twee het die twee diereliefhebbers op 'n bedrag besluit wat hulle vir Driepoot se prostese benodig. Marais het besluit hy gaan homself 30 dae gee om die geld bymekaar te maak. Hulle eerste mikpunt is R27 000. Dit sal gebruik word vir die eerste fase van die ontwerp van die prostese. Oor 'n jaar tot 18 maande gaan hulle nog 'n bedrag van R20 000 nodig hê, aangesien sy intussen weer sal groei en die eerste prostese te klein sal wees. Daarna is dit net instandhouding (*maintenance*) vir die res van haar lewe.

12 "Ons wil seker maak dat ons tot die einde vir haar kan sorg. Ons wil vir haar gaan kuier en in haar mooi ogies kyk."

[Bron: <https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/goeie-nuus/vierde-been-vir-driepoot-kameelperdjie-gesoek/>]

1.1 Die kameelperdjie het net drie bene. Wat gaan die mense doen om te help dat sy weer vier bene het? (1)

1.2 Hoe het die kameelperd haar been verloor? Haal **vier opeenvolgende woorde** as antwoord aan. (1)

1.3 Hoekom het Lizz Meiring gekies om vir Munnik Marais van Driepoot te vertel? (1)

1.4 **Haal 'n frase aan** om te wys dat dit vir Driepoot moeilik is om die mees basiese dinge te doen. (1)

1.5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Haal uit die teks aan om jou antwoord te bewys.

***Driepoot woon alleen in Tholo-ekoreservaat.*** (2)

1.6 Hoekom word daar vir haar kos in die bome gehang? (par.8)

Gee een rede. (1)

1.7 Na die tweede prostese hoef hulle nie geld vir nog 'n prostese in te samel nie. Wat is die rede hiervoor? (1)

1.8 Gee '**n woord** uit die teks met dieselfde betekenis as ***doelwit***. (1)

1.9 Hoekom, dink jy, verwys hulle na Driepoot as 'n "kameelperdjie"? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2023

**VRAAG 2 ADVERTENSIE**

Lees die advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg:




[Bron: <https://www.scribd.com/article/477611451/Matriekklas-2020>]

2.1 Hoe **gereeld** word *Kuier* se hersieningsprojek aangebied? Haal **een woord** as antwoord aan. (1)

2.2 Noem **twee platforms** waarop die bronmateriaal beskikbaar is. (2)

2.3 Haal **een woord** aan wat wys dat jy nie vir die bronmateriaal hoef te betaal nie. (1)

2.4 Noem **twee redes** waarom matrieks die hulplyn sal skakel. Antwoord in jou eie woorde. (2)

2.5 Vertaal **"can-do-attitude"** in Standaardafrikaans. (1)

2.6 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling.

Kuier se hersieningsprojek het nog nooit 'n ander naam gehad nie.

Haal **twee opeenvolgende woorde** as rede aan. (2)

2.7 Hoekom, dink jy, is dit 'n voordeel dat "ervare onderwysers" die videoklasse gaan aanbied? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3 SPOTPRENT

Lees die spotprent en beantwoord dan die vrae wat volg.




[Bron: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/spotprente/die-burger-spotprent-21-september-2019-20190920>]

3.1 Hoe weet ons dat Persoon A met Persoon B praat? Verwys slegs na sy lyftaal. (1)

3.2 Persoon A lyk **ongelukkig** oor sy rapport. Motiveer die stelling deur na die woorde in die spraakborrel te kyk. (1)

3.3 3.3.1 Persoon C is baie bly oor sy matriekuitslae. Gee **een emosie** wat hy waarskynlik in die spotprent beleef. (1)

3.3.2 Wat aan Persoon C se **gesigsuitdrukking** wys dat hy baie *bly* is? (1)

3.4 Noem twee kledingstukke wat dit duidelik maak dat die leerders in die spotprent almal skoliere is. (2)

3.5 3.5.1 Wie wag moontlik vir Persoon D in die motor? (1)

3.5.2 Wat aan Persoon D se **lyftaal** wys dat sy gelukkig is? (1)

3.6 Kyk na Persoon E se **gesigsuitdrukking**. Hoe weet ons dat hy ***tevrede*** is? (1)

3.7 Hoekom kan ons nie Persoon B se hand sien nie? (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4

### Hoe om 'n YouTube-kanaal te begin.

Jy wil vir die leerders in jou klas vertel van 'n artikel wat jy gelees het oor hoe om 'n YouTube-kanaal te begin. Vertel vir jou klas **wat** elke wenk is en ook **hoekom dit 'n goeie wenk is**.

- Som die artikel in vyf punte op.
- Elke punt moet een wenk bevat en jy moet sê waarom dit 'n goeie wenk is.

**Onthou:**

- Moenie sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- **Elke punt mag een of twee sinne bevat.**
- Nommer jou punte 1 tot 5.
- Laat 'n reël na elke punt oop.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde lank wees nie.
- Skryf die woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

**Handleiding vir die skep van 'n YouTube-kanaal.**

As jy 'n YouTube-rekening vir jou besigheid of handelsmerk wil maak, volg die stappe soos hieronder aangedui:

Jy moet 'n Google-rekening hê. Skep dus so gou as moontlik een. Die Google-rekening word gebruik om Google-produkte soos Google Play , Gmail, Google Foto's, Google Drive en selfs persoonlike kaarte in Google Maps te stoor.

Afgesien van jou video-inhoud, kan hoe jou kanaal lyk, mense dalk oortuig om op jou kanaal in te teken of selfs van jou video's te hou. Dit is die eerste indruk wat jy maak as iemand na jou kanaal gaan. Dit is belangrik om kwaliteittyd te spandeer om dit goed te laat lyk.

'n YouTube-rekening is nie baie volledig sonder video's nie. Wanneer jy ingeteken is en gereed is om 'n video op te laai, klik die oplaai-knoppie bo-aan die YouTube-webwerf om toegang tot die oplaai-bladsy te kry. As jy video's vanaf jou rekenaar laai en jy wil hê almal moet jou video's sien, moet jy die *Public* opsie kies. Publieke video's is vir almal beskikbaar.

YouTube het reëls oor watter videolêerformate toegelaat word en watter nie. Jy mag nie formate soos MP3 of JPEG gebruik nie; YouTube sal dit onmiddellik blokkeer.

YouTube bied 'n gratis aanlyn videoredigeerder, Video Editor, waarmee jy veranderinge aan jou video kan maak sodra dit opgelaai is. Jy kan dinge doen soos om 'n titel en onderskrifte by te voeg, die video in snitte te verdeel, foto's in te voer, klank van 'n groot versameling gratis liedjies in te voer en video-oorgange te maak.

[Bron: <https://af.eyewated.com/handleiding-vir-die-skep-van-n-youtube-kanaal/>]

**10 punte**

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Sondagaande**
Fanie Viljoen

die aand stuur sy roofvoëls uit in die taai donker
hulle draai eers rond
hoog bo die stad se woonsteldakke
maar mettertyd sirkel hulle laer, al laer
en sink neer op die krom lamppale
vanwaar hulle met skerp oë by vensters kan intuur
na die prooi wat elke week sielalleen voor Sondagaand staan

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 **Waar** speel die gedig af? Antwoord in een volsin. (1)

5.2 Waarom is die titel Sondagaand**e** in die meervoud en nie net Sondagaand nie? (1)

5.3 Identifiseer die **beeldspraak** in versreël 1. (1)

5.4 Wat verteenwoordig die roofvoëls in versreël 1? (1)

5.5 "*die aand stuur sy roofvoëls uit in die taai donker*".

5.5.1 Gee die letterlike betekenis van die woord "donker" in versreël 1. (1)

5.5.2 Gee die figuurlike betekenis van die woord "donker" in versreël 1. (1)

5.6 Watter stylfiguur gebruik die digter in versreël 4 om 'n *dreigende atmosfeer* te skep. (1)

5.7 Die voorbeeld van ***halfrym*** wat ons in die laaste versreël vind is *assonansie/ alliterasie*.

Skryf slegs die korrekte woord as antwoord neer. (1)

5.8 Watter **twee woorde** wys dat die roofvoëls in die aand goed kan sien? (1)

5.9 Wie is die roofvoëls se prooi? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**?** – Tanya Joubert

Jou naam draai ek uit elke appelstingel,
pak dit in spoelklippies op die strand.
Ek vinger jou naam op vuil motorvensters,
toegewasemde spieëls en oor die palm van my hand.

Ek braille dit in my passerblik,
doodle dit in my tuiswerkboek, op my tas.
Jou naam pen ek oor 'n swartbord
sodat niemand dit ooit weer af kan was.

Ek ryg dit regs aan mý naam vas
en dra dit soos kraletjies om my nek,
graffiti dit op elke straathoek
soos 'n hond wat sy been lig om te sê: "Dis mý plek!"

Want jý is ál my uithangborde,
die screensaver van my brein,
die tatoeëermerk oor my hart
en, wie weet, dalk nog die T-hemp van my pyn.

Miskien het jy mý naam al uitgevee. Uitgetippex!
Of dalk versier jy dit met smiley faces (☺☺) en 'n soentjie-x.
Ek sal verstaan as jy my nog nie kan spel nie,
nie eens met leestekens kan vertel nie.

Net jammer jóú naam, is nog net 'n
?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 6.1.1 Die titel van die gedig is 'n leesteken. Wat is die Afrikaanse woord vir dié leesteken? (1)

6.1.2 Hoekom, dink jy, het die digter juis dié leesteken gekies? (1)

6.2 Identifiseer die beeldspraak wat in strofe 3 gevind word. (1)

6.3 Noem twee plekke in die gedig waar permanente ink gebruik word. (2)

6.4 In versreël 14 word daar van die "screensaver van my brein" gepraat. Wat word hiermee bedoel? (1)

6.5 Watter **twee aparte woorde in versreëls 17 en 18** wys dat die spreker baie onseker is oor hoe die persoon oor haar voel? (2)

6.6 Wat leer die spreker oor die liefde in strofe 4? (1)

6.7 Verduidelik die gebruik van die aksentteken in versreël 21. (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

**Ek wou …**

Sonja Peacock

Ek wou net happy wees
my mooi aan 'n waslyn hang
wat in die wind wapper
Ek wou liewer vertoef
onder die euphoria
van 'n wit watte wolkhemel
wat positive thinking
my bring.
Ek wou
tienduisend keer
Norman Vincent Peale
se The Power of Positive Thinking
resiteer tot in my finale uur.
Ek wou ook my donker misken
Want ek was bang …
Ek was bang
die donker
wys my wat ek nie wil hoor nie
nie wil sien nie en nie wil voel nie
Toe gebeur April
'n happening sonder reason
en nou sit ek alweer met 'n hengse lot
dark poetry
In die kamer van my siel …

[Bron: <https://ink.org.za/ek-wou-net/>]

7.1 Die digter gebruik 'n stylfiguur in die titel wat die leser toelaat om die sin self te voltooi.

Wat word dit genoem?

Kies die korrekte alfabetletter.

A Hiperbool
B Oksimoron
C Ellipsteken
D Retoriese vraag (1)

7.2 Watter woord in versreëls 1–3 wys vir ons dat die spreker niks anders as geluk gesoek het nie. (1)

7.3 "my mooi aan 'n waslyn hang" (r.2)

Verduidelik wat die digter met hierdie versreël bedoel. (1)

IEB Copyright © 2023

7.4 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** aan uit versreëls 1–8. Onderstreep die klank wat die alliterasie moontlik maak. (1)

7.5 Hoe laat "positive thinking" die spreker voel? (1)

7.6 Haal 'n voorbeeld van **herhaling** uit die gedig aan. (1)

7.7 "tienduisend keer" in versreël 10 is 'n voorbeeld van: ***hiperbool/oksimoron***.

Skryf slegs die korrekte woord neer. (1)

7.8 Wie is Norman Vincent Peale heel moontlik? (1)

7.9 Hoekom gebruik die digter die verlede tyd in die frase *"Ek wou ..."*? (1)

7.10 Beskryf die stemming in die gedig. (1)
**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2023 

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Stefan – 'n Jong sangsensasie!



Bron: <https://www.netwerk24.com/huisgenoot/via/kyk>]

Skryf die sinne oor soos aangedui.

8.1 Die man wil vir Stefan 'n kans gee om sukses te bereik.

Volgende jaar … (1)

8.2 Die seun is elf jaar oud. Ek praat van die seun.

Die seun van wie … (1)

8.3 Stefan is baie jonk. Hy gaan 'n CD opneem.

Al … (1)

8.4 Die man vra: "Het julle vir Stefan hoor sing?"

Die man vra … (1)

8.5 Het jy al vir Stefan hoor sing?

Nee, (1)

8.6 Stefan het 'n baie groot droom.

Vroeër … (1)

8.7 Stefan moet 'n groot kontrak teken.

Stefan hoef ... (1)

8.8 Stefan sal binnekort 'n CD by die platemaatskappy opneem.

'n CD ... (1)

IEB Copyright © 2023

8.9 Dewald is 'n trotse pa, want Stefan gebruik sy sangtalente.

Dewald is 'n trotse pa omdat … (1)

8.10 Stefan sê dat hy die kontrak noukeurig invul.

Stefan sê: … (1)

8.11 Stefan teken 'n kontrak dan maak hy 'n CD.

Laas keer … (1)

8.12 Stefan gaan óf 'n besigheidsman óf 'n onderwyser word.

Nee, … (1)

**[12]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragrawe wat op die prent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Skryf elke nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.



Die seuns is reg om **9.1 (op / aan / by – kies die korrekte voorsetsel)** die atletiekbyeenkoms deel te neem. Hulle is baie **9.2 (opwindend/opgewonde – kies die korrekte woord)**, want hulle oefen hard en dink dat die resies **9.3 (easy – gee die Afrikaanse woord)** gaan wees.

Die afrigter begin **9.4 (elke oggend – gee een woord)** om **9.5 (4:30 – skryf uit in woorde)** met sy **9.6 (40 – skryf uit in woorde) 9.7 (atleet – gee die meervoud)**.

Die seuns het almal **9.8 (nuwe – gee die intensiewe vorm)** – hardloopskoene aan. Hulle moet net seker maak dat hulle **9.9 (veters – gee die verkleinwoord)** vas is. Die wat nie gewoond aan oefening is nie, gaan die volgende dag **9.10 (styf – gee die korrekte vorm van die woord)** bene hê en moet **9.11 (dadelik – gee 'n sinoniem)** hulle spiere strek.

'n Warm bad help ook met seer spiere, maar moet **9.12 (asb. – skryf die afkorting uit)** nie in **9.13 (kook – gee die teenwoordige deelwoord)** water bad nie. Jy kan dalk ook jou ma se Deep Heat-salf **9.14 (leun / leuen / leen – kies die korrekte woord)** om aan jou seer spiere te smeer. Die **9.15 (baie – gee die oortreffende trap)** mense oefen **9.16 (min – gee die vergrotende trap)** as hulle spiere seer is.

**[8]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prent hieronder.
- Ná die prent volg vyf punte wat elk 'n denkbeeldige situasie skets.
- Lees elke situasie wat geskets word en skryf 'n sin neer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê.
- In die beskrywing van elke situasie is 'n paar **vetgedrukte woorde**. Hierdie woorde mag nie in jou sin herhaal word nie.
- Elke antwoord moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.



[Bron: Google images]

10.1 Pamela is **baie opgewonde** want sy het 'n geskenk vir James gekoop. Wat sê sy om te wys hoe **opgewonde** sy is? (2)

10.2 James is baie **verras** toe hy sien wat in die sak is. Wat sê James om te wys hoe **verras** hy is. Sê ook wat in die geskenksakkie is. (2)

10.3 Pamela is egter **woedend**, want hulle het vir haar die verkeerde kleur in die item gegee.

Wat sê sy om haar **woede** te wys en noem ook wat die **regte kleur** van die item moes wees. (2)

10.4 James **stel voor** dat hulle iets moet gaan drink sodat Pamela kan kalmeer.

Skryf sy voorstel neer. Noem wat hulle sal drink om te kalmeer. (2)

10.5 Pamela is nou **geïrriteerd** en sê dat sy nie James se simpatie soek nie. Hoe sal sy haar **geïrriteerdheid** wys? (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023